

**Skrifgedeelte: Matteus 2:1-12**

**Fokusgedeelte: Matteus 2:2,11**

**Tema: Die Kindjie in die krip is die Koning van die wêreld.**

Hier kry ons die mees wyd uiteenlopende reaksies op die berig van die Christus se geboorte. Die wyse manne is vol vreugde en vereer die klein baba. Herodes bedink bose planne om die Christus te vermoor en die owerpriesters en skrifgeleerdes is apaties.

Die wyse manne wat die ster gevolg het was sterrekeners. Die wetenskaplikes van daardie tyd. Hulle het die sterreheem tot in die fynste besonderhede bestudeer. Dit was juis hierdie groepering wetenskaplikes wat hulle ook besig gehou het met die voorspelling van die toekoms. Vandaar dat die Bybel hulle in die oorspronklike taal magoi noem. Ons hoor dit in die woord magies of magie. Daniël en sy drie vriende het in die destydse Babilonië deel uitgemaak van hierdie groep mense.

Hulle was wetenskaplikes, maar in 'n sekere sin profete, voorspellers, mense wat drome uitgelê het en wat daarop aanspraak gemaak het dat hulle magiese kragte besit het. Dis die dat ons in die boek Daniël lees dat Nebukadneser hulle almal geroep het om sy droom vir hom uit te lê. Dit was immers deel van hulle werk.

In hierdie geval moes hulle egter bewus gewees het van 'n spesifieke profesie wat vervul sou word in die sterre. Natuurlik het daar nog baie Jode agtergebly in die destydse Babel en die verwagting vir die Messias het sterk by hulle geleef. Maar die profesie van die ster en die Koning moes die wyse manne uit die Ooste by iemand geleer het.

Iemand wat deur die Heilige Gees geïnspireer was moes vir hierdie wyse manne geleer het van die Joodse koning en van sy ster. Die mees aanneemlike verklaring is dat dit Daniël en sy vriende was wat dit eeue tevore vir hulle geleer het. Trouens, hulle het al die wyse manne van die ooste vêr in wysheid oortref het.

Hoe dit ook al sy, hierdie manne was deel van 'n groep wat 'n ster verwag het wat die koms van 'n baie besondere koning sou aankondig. Met hierdie verwagting het hierdie groep wyse manne aand vir aand die naghemele bestudeer in die hoop dat die profesie vervul sou word.

Uiteindelik het hulle sy ster in die ooste gesien en vertrek na Jerusalem. Die hoofstad van die Jode. Wanneer Herodes en Jerusalem hoor van die geboorte van hierdie Koning en die verskyning van sy ster is hulle ontsteld, staan daar. Onthou Herodes was self nie deel van die Here se volk nie, hy was 'n Edomiet. Hy het op die mees wreedaardige maniere enige Jood wat aanspraak kon maak op die troon vermoor. Hy het van sy eie vrouens en kinders laat vermoor. Hy was die vervulling van Jakob se woorde op sy sterfbed dat die septer van Juda sal wyk voordat die Christus kom.

Herodes laat roep al die owerpriesters en die Skrifgeleerdes bymekaar om te hoor waar die Christus gebore sou word. Die optrede van die priesters is vreemd, om die minste te sê. Hulle verduidelik waar die Christus gebore sal word, hulle weet van die merkwaardige geboorte waarna die wyse manne uitgevra het, maar nie een van hulle gaan saam Bethlehem toe nie. Hulle moes presies verstaan het waarom Herodes hierdie vraag gevra het. Hulle het geweet dat Herodes, die Edomiet, die ster se verskyning koppel aan die geboorte van die Christus, maar dit laat hulle koud.

Daar is by hulle geen opgewondenheid nie. Apaties verklaar hulle die Skrifte. Die verklaring is presies in die kol. Miga 5:1. Maar dit roer hulle nie. Kan dit so erg met die kerk wees dat hulle die Skrifte kan uitlê, maar die Christus nie erken nie? Ja, dit kan so erg. Dat die kerk nog die Skrif het, maar vir Christus verloor het. Die Roomse kerk van Middeleeue is 'n duidelike bewys daarvan net soos die vrysinnige Protestantse kerke van vandag wat die gesag van die Skrif misken.

Herodes se optrede laat 'n mens ys. Daar is by hom 'n sataniese briljantheid. Hy het baie goed verstaan, hy het preseis verstaan wat aan die gebeur is. Die priesters lê die Skrifte ewe apaties uit, maar Herodes staan glad nie apaties teenoor die nuus wat hy ontvang het nie. Hy het onmiddellik geweet van wie hierdie wyse manne praat. Sy vraag aan die Skrifgeleerdes verklap als: waar sal die Christus gebore word? Hierdie ster moet alles met Hom te make hê.

Die bese Herodes verstaan presies: hulle soek na die Christus. Hoe kon hy dit weet en die Skrifgeleerdes het geen benul nie? Die Satan weet baie meer as wat ons dink. Op daardie stadium het hy al vir millenia gewag, want daaraan moet hy 'n stop sit.

Daarom laat kom sy bese onderdaan, Herodes, die wyse manne. Herodes wil kammakastig ook hulde gaan bewys aan die Christus. Maar hy wou die Christus doodmaak. Hy was dus niks anders as 'n Satanskind nie. Hy wou die Christus vermoor. Hy sou uiteindelik so ver gaan dat hy al die seuntjies onder twee jaar oud in Bethlehem laat vermoor het. Pure boosheid.

Die wyse manne het nie presies geweet waar Hy gebore sal word nie. Daarvoor het hulle die Skrifte nodig gehad. Hulle moes eers terug na God se Woord toe. Daarvoor was die bese Herodes 'n instrument, want dit is hy wat hulle Bethlehem toe stuur.

Wat die ster presies was weet ons nie, maar ons weet dit was volledig 'n handeling van die Almagtige wat al die hemelliggame gemaak het. Wanneer hulle na die Woord luister kan hulle onder die ster se leiding Bethlehem toe vertrek en die ster het hulle begelei tot by die huis waar Christus was. Dis hier waar ons lees van hulle blydschap. Hulle het 'n onbeskryflike groot blydschap ervaar toe hulle uiteindelik die Kindjie gekry het.

Wanneer hulle in die huis ingaan het hulle voor Hom neergeval. Hierdie neerval is meer as net kniel. Dis die tipiese neerbuig van die Oosterlinge met hulle gesigte teen die grond. Dis 'n

gebaar van totale oorgawe, van volkome ontsag, van 'n diep eerbied. Ja, dis 'n gebaar van aanbidding. Matteus gebruik hierdie woord 10 keer in sy evangelie. Onder andere wanneer die dissipels voor die Here neerval in die skuit en erken dat Hy die Seun van God is, nadat Hy die storm stilgemaak het.

Wat ons hier mooi moet raaksien is dat die Wyse manne neerval voor 'n klein baba, in 'n klein huisie in, in 'n klein dorpie, in 'n vreemde land. Hy het geen mag oor hulle, Hy kan geen gesag oor hulle uitoefen nie. Hy het geen aansien nie, sy pa en ma is eenvoudige mense, maar hulle val voor Hom neer. Hier het ons met geloof te make. Hierdie manne bely dat hierdie Seuntjie ook hulle Koning is, al is hulle heidene uit 'n ver land. Hulle erken dat Hy die Koning van die wêreld is.

Hulle bring goud en wierook en mirre. Eg koninklike geskenke. Geskenke wat ook iets verkondig van sy Drievoudige amp. Profeet, Priester en Koning. Hulle het Hom nie eerstens gevind nie, nee Hy het hulle gevind. Die Vader bewaar sy Seun van die bose Herodes en waarsku die Wyse manne deur 'n droom en ook vir Josef om na Egipte te vlug.

Maar hierdie Kindjie sou nie vir altyd ontkom het aan die moordplanne van Satan nie. Toe die Here Jesus nog 'n baba was het Satan vir Herodes opgesteek om die Christus dood te maak. Aan die kruis het Satan dit uiteindelik reg gekry. Tog was dit alles so beskik. Die Kindjie in die krip is 'n Almagtige Koning. Aan die kruis is Hy dit steeds. Bokant sy kop staan daar immers geskryf: die Koning van die Jode. Satan speel reg in sy hande en hierdie Koning oorwin die Satan en verlos die kerk.

Watter onbeskryflike vreugde moes dit nie gewees het by hierdie Koning se onderdane toe hulle besef dat Hy waarlik opgestaan het nie? By die Joodse raad en die volksleiers? Woede en ongelooft. Hoe duidelik word die uitverkiesing nie weer geopenbaar nie? Ware geloof is 'n gawe van God.

Ons het 'n Koning. Christus is die Koning, ons hoef Hom nie Koning te maak nie. Ons aanbid Hom nie as Koning sodat ons iets daaruit kan kry nie. Ons aanbid Hom nie as Koning want dit hou vir ons een of ander voordeel in nie. Ons aanbid Hom as Koning want Hy is dit. Dit moet ons by die Wyse manne leer.

So wek die Gees in ons 'n onbeskryflike groot blydschap. 'n Ongekende vreugde. Dis die vreugde wat net God self kan gee. Ons het waarlik 'n Koning. 'n Ewige Koning. Die wêreld lag oor Hom. Party is apaties. Party haat sy volgelinge, maar dit maak geen verskil aan Wie Christus is nie. Ja, ons het 'n ewige Koning. Hy lê nie magteloos in 'n krip nie. Hy sit aan die regterhand van sy Vader om weer te kom met mag en majesteit. Mag dit ons troos en mag dit ons ook met groot vreugde vervul. AMEN.